

2 Januarie

Skrifgedeelte: Genesis 2:4b-24

Fokusgedeelte: Genesis 2:7

Die mens het 'n lewende wese geword

God het die mens geskep. Jy as mens bestaan dus nie maar toevallig nie. Jy is daar uitsluitlik deur God se toedoen. Jy is die produk van 'n almagsdaad van God. Daar bestaan 'n baie nou verhouding tussen jou en God: Jy is sý skepsel en Hy is jou Skepper. Maar juis dit bring ook 'n geweldige afstand tussen jou en God: Jy bly skepsel uit die stof van die aarde (Ps. 62:9: "Mense is verganklik, mense is niks: op 'n skaal wys hulle geen gewig nie, saam is hulle minder as niks") en Hy bly jou Formeerder – oneindig ver verhewe bó jou.

En tog is God baie naby aan jou. Só het God jou geskep – om naby aan Hom te wees. Hy het lewensasem in jou neus geblaas. Hy het jou in 'n baie intieme, persoonlike, Een-tot-een verhouding met Hom geskep. Jy lewe van aangesig-tot-aangesig met Hom. Dít onderskei die mens radikaal van die dier.

Deur jou sonde bring jy 'n breuk tussen jou en God. Deur jou eie toedoen het jy jouself beroof van die seën om ewig te lewe. God het egter die kloof tussen jou en Hom kom herstel en die ware lewe vir jou kom teruggee deur die versoeningswerk van Jesus Christus. Wanneer jy in God glo, woon Christus in jou. Hy gee vir jou die ewige lewe. As jy die dag sterwe, dan keer "die stof (terug) na die aarde toe ... soos dit was, en die gees (keer terug) na God ... wat dit gegee het." (Pred. 12:7) Dan is jy saam met Christus in die paradys tot in ewigheid (Luk. 23:43).

Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2, 3

Dr. AH Grové (Emeritus)